# MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2009**

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE

**TYD: 2 ½ UUR** **PUNTE: 120**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Kyk– en Leesbegrip** | **VRAAG 1 - 2** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **Opsomming** | **VRAAG 3** | **(10)** |
| **AFDELING C:** | **Taal** | **VRAAG 4 - 10** | **(60)** |
| **AFDELING D:** | **Letterkunde** | **VRAAG 11 + 12** | **(20)** |


2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Lees die instruksies by **AL** die vrae.
4. Nommer die vrae presies soos die vraestel.
5. Begin elke vraag op'n nuwe bladsy.
6. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: KYK EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende stuk noukeurig deur en bantwoord dan die vrae.

### Heilsame rooibos



1. Aan die voet van die Sederberge naby die weskus van Suid-Afrika lê die dorpie Clanwilliam, die hartland van die wêreld se rooibosteebedryf.
2. Die rooibosteeplant (Asphalathus linearis) is inheems aan Suid-Afrika en word nêrens anders as juis in hierdie deel van die land in die omstreke van die Olifantsrivier en Sederberg in sy natuurlike staat aangetref nie. Die berge se hange met hul diep, goed gedreineerde suur en growwe sandgrond is net wat die bosagtige plant met sy dun slap takkies en skerp naaldagtige blare nodig het.
3. 'n Handelspionier in die distrik, Benjamin Ginsberg, het teen die einde van 1904 die ekonomiese waarde van die produk begin insien. Hy het dit bekendgestel deur stalletjies in Kaapstad op te rig waar hy gratis monsters van die tee uitgedeel het. Saam met die monsters het hy ook 'n inligtingsblaadjie oor die bereiding en die gebruike daarvan gegee.
4. Oor die veelsydigheid van hierdie tee kan boekdele geskryf word. Talle moeders van koliekbabas het in rooibos 'n wondermiddel gevind en medici wêreldwyd stem saam dat rooibostee allergieë verlig wat met hooikoors, asma,velprobleme en maagkwale verband hou.
5. Maar 'n mens sal nie regtig weet hoe heerlik dié tee is voordat jy dit nie geproe het nie. Skink dus 'n koppie rooibostee, sit agteroor en drink 'n heilsame heildronk op die eg Suid-Afrikaanse smaak – voorwaar die natuur se wonderdrank uit die Sederberg!

Verwerk uit: Panorama



Blaai om asseblief

## VRAE:

1.1 Gee in jou eie woorde 'n titel vir die stuk wat min of meer dieselfde beteken as

**Heilsame rooibos** (1)

1.2 Kies die korrekte antwoord.

"Aan die voet van die Sederberg" beteken ... van die berg.

A langs die een kant

B op die bopunt

C aan die onderkant

D teen die kranse (1)

1.3 Watter dorp in ons land kan die rooibostee-dorp genoem word? (1)

1.4 Noem **TWEE** eienskappe waaraan die grond moet voldoen om rooibosteebosse susksesvol te laat groei. (2)

1.5 Soek 'n woord in die stuk wat vir ons sê ...

1.5.1 dis die belangrikste plek vir rooibostee in ons land. (par 1) (1)

1.5.2 dat die rooibostee eie aan ons land is (par.2) (1)

1.5.3 dat Benjamin Ginsberg een van die eerste handelaars in die omgewing was (par.3) (1)

1.6 Het hy van bestaande stalletjies in Kaapstad gebruik gemaak vir sy advertensie van rooibostee? Verduidelik kortliks. (2)

1.7 Dink jy dit was 'n goeie idee om gratis monsters van die tee uit te deel? Verduidelik kortliks. (2)

1.8 Rooibostee hoort amper in ons medisynekassies. Verduidelik waarom. (2)

1.9 Sê telkens of die onderstaande stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

1.9.1 Dis 'n plant met dik takke en groterige blare. (2)

1.9.2 Die inligtingsblad het verduidelik hoe om 'n koppie rooibostee te maak. (2)

1.10 Soek **TWEE opeenvolgende** woorde in die stuk wat dieselfde beteken as **dokters oral in die wêreld.** (2)


**[20]**

## VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande adevertensie deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

TEGNICI


Wees 'n wenner met jou aanleg en ons opleiding



1. Bring jou tegniese talent na Mintek. Ons sal jou help om daarmee te woeker. Al wat ons vereis, is goeie matrieksimbole vir Wiskunde en Wetenskap.

2. Terwyl jy by ons 'n salaris verdien, ontvang jy praktiese indiensopleiding onder die toesig van ingenieurs en wetenskaplikes wat reeds groot sukses in ons bedryf behaal het. Daarby stuur ons jou technikon toe sodat jou teoretiese en praktiese kennis saam kan groei. Die studierigting is ekstraksiemetallurgie, fisiese metallurgie, analitiese chemie, instrumentasie en beheer, asook ekonomiese geologie. Sodra jy kwalifiseer, stel ons jou aan as 'n tegnikus wat puik kan presteer.





3. Wil jy 'n wenner wees? Skakel die hoof: Opleiding by (011) 793-3511 bylyn 600, of skryf aan hom by Mintek,Privaatsak X3015, Randburg 2125.

## VRAE:

2.1 Om sukses te behaal, moet iets van jouself en iets van Mintek bymekaar gebring word. Wat is dit? (2)

2.2 Watter voorwaarde stel die firma? Haal die gedeelte uit die stuk aan. (2)

2.3 Watter groot voordeel sal jy geniet terwyl jy praktiese indiensopleiding ontvang? (1)

2.4 Praktiese opleiding geskied onder toesig van ...

A onderwysers.
B lektore van die Technikon
C geleerdes wat ver in die bedryf gevorder het.
D tegnici. (1)

2.5 Waar sal die studente die teoretiese kennis opdoen? (1)

2.6 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die stuk.

**Die praktiese en teoretiese kursusse word gelyktydig aangebied.** (2)

2.7 Watter belofte word gemaak aan iemand wat sy kursus voltooi? (1)

**[10]**


**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING


## VRAAG 3

Lees die volgende stuk versigtig deur.

- Soek **SEWE feite** (hoofgedagtes) wat die **skoenlappers beskryf**.
- Skryf die feite in goeie volsinne neer.
- Skryf jou eie sinne puntsgewys neer van 1 tot 7.
- Jou sinne moet so ver moontlik in jou eie woorde wees.
- Jou opsomming mag nie langer as **60 woorde** wees nie.
- Onthou om die getal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.



### Het jy al oor skoenlappers gewonder?




Skoenlappers is van die interessantste insekte in ons natuur. Die meeste skoenlappers is op 'n vloeistofdieet, hulle eet dus nie, maar drink net. Hul drink geen skoon water nie, maar nektar uit blomme, sap uit verrottende vrugte en selfs stowwe uit modderwater. Hulle slaap nooit nie, maar rus net.

Skoenlappers het nie ooglede nie, hul oë is altyd oop. Hulle het geen ore nie, maar voelhorings wat sensoriese organe is. Wanneer dit reën, skuil hul meestal waar hulle snags rus: sommige onder groot blare of klippe en party met toegeknypte vlerke op grasspriete.

Vinnige soorte kan 48 kilometer per uur vlieg en stadiges net 8 kilometer per uur. Daar is al skoenlappers by die boonste vensters van die Empire State Building in Amerika, wat 300m hoog is, gesien. Na raming is daar tussen 1200 en 1500 soorte skoenlappers.

Ongeveer 98 persent skoenlappers word per seisoen opgevreet deur voëls en ander insekte of klein reptiele.



Verwerk uit: Vrouekeur

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Blaai om asseblief

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE

Lees die Hadeda-Kunstefees-advertensie goed deur en beantwoord dan die vrae.

<u>KOM SAAM MET BEELD NA DIE HADEDA-KUNSTEFEES !</u>

| Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkanste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Antwoord in VRAAG 4.1 – 4.16 moet korrek gespel wees. | | | |
|---|---|---|---|
| Hadeda-Feesgangers **4.1 (reis/rys)** vanaf O.R Thambo Lughawe na Polokwane waar twee groot **4.2 (luuks)** busse wag om die **4.3 (gasse/gaste)** na die hotel in die **4.4 (skilder)** Magoebaskloof te vervoer. Die **4.5 (GEE EEN WOORD VIR: tasse en ander besittings van passasiers)** word met twee **4.6 (klein bus)** en **4.7 (sleep+wa)** vervoer. | 4.1<br>4.2<br>4.3<br>4.4<br>4.5<br>4.6<br>4.7 | Kies die regte woord.<br>Gee die regte vorm.<br>Kies die regte woord.<br>Gee die regte vorm.<br>Gee die versamelnaam.<br>Gee die verkleinwoord.<br>Gee die samestelling. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Saterdagoggend vertrek die busse om **4.8 (08:00)** na die kunstefees waar die besoekers die hele dag sal deurbring. Saterdagaand is daar 'n vleisbraai by die Beeld-uitstalling. | 4.8 | Skryf in woorde. | (1) |
| Sondagoggend is daar 'n **4.9 (nie laat nie)** bus vir dié wat by die kunsefees ontbyt wil **4.10 (eet).** Vir die laatslapers is daar later ontbyt en om 10:00 'n bus na die fees. | 4.9<br>4.10 | Gee een woord.<br>Gee die sinoniem. | (1)<br>(1) |
| Die busse vertrek om 17:00 **4.11 (na/by)** Polokwane vir die terugvlug. Alles is **4.12 (baie fyn)** beplan. Bespreek nou **4.13 (jy)** plek om **4.14 (teleurstel)** te voorkom. | 4.11<br>4.12<br>4.13<br>4.14 | Kies die regte woord.<br>Gee die intensiewe vorm.<br>Gee die regte voornaamwoord.<br>Gee die naamwoord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Dit beloof om 'n **4.15 (opwen)** naweek te wees en dit teen net R1500 per persoon, alles **4.16 (ingesluit)** | 4.15<br>4.16 | Gee die regte vorm.<br>Gee die regte vorm. | (1)<br>(1)<br>**(16÷2)**<br>**[8]** |

Blaai om asseblief


## VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE

Lees die briefie oor mense, wat by die see woon, se vakansieproleme deur. Voer dan die opdragte wat volg, uit. Spelling moet korrek wees.

### <u>GRATIS VAKANSIE</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkanste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Antwoord in VRAAG 5.1 – 5.8 moet korek gespel wees. | | | |
| Ons mense wat by die see bly, het vakansietye nogal 'n hele paar **5.1 (klein probleme)** met vriende en familie wat graag by die see wil vakansie hou en dan sê dat hulle so baie verlang. | 5.1 | Gee een woord. | (1) |
| Hulle dink nie **5.2 (aan dit/daaraan)** dat jy en jou gesin self wou vakansie hou nie. Hulle maak | 5.2 | Kies die korrkte woord. | (1) |
| allerhande **5.3 (plan)** om vir jou te kom kuier. | 5.3 | Gee die meervoud. | (1) |
| Hulle eet net kos **5.4 (van wat/waarvan)** hulle hou, | 5.4 | Kies die korrekte woord. | (1) |
| soos **5.5 (kook)** kos. | 5.5 | Gee die regte vorm. | (1) |
| Ons moet **5.6 (vroeg)** as gewoonlik opstaan om | 5.6 | Gee die regte vorm. (vergrotende trap) | (1) |
| alles te doen, want niemand **5.7 (help/hulp)** nie. | 5.7 | Kies die korrkte woord. | (1) |
| Die huis is altyd **5.8 (netjies).** Wat kan ons doen? | 5.8 | Gee 'n antoniem. | (1) |
| | | | **(8÷2)** |
| GRATIS B+B, DURBAN<br>Verwerk uit: Huisgenoot Maart 2002 | | | **[4]** |

## VRAAG 6: WOORDSTRUKTURE



Uit: *Writing through Pictures.*

Blaai om asseblief

| Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkanste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Antwoord in VRAAG 6.1 – 6.15 moet korek gespel wees. | | | |
|---|---|---|---|
| Die **6.1 (plek waar jy 'n dokter besoek)** sit vol pasiënte. Op die tafel lê **6.2 (tydskrifte/boeke)** wat **6.3 (elke week)** verskyn om te lees terwyl hulle wag. Die **6.4 (dominee)** sit met toe **6.5 (oog).** Hy sien hoe die seun met net een klein **6.6 (arm)** sukkel om sy baadjie aan te trek, want sy **6.7 (breek)** arm is in gips. Hoe **6.8 (hy/hom)** beseer **6.9 (is/het)**, **6.10 (ken/weet)** ons nie. | 6.1<br>6.2<br>6.3<br>6.4<br>6.5<br>6.6<br>6.7<br>6.8<br>6.9<br>6.10 | Gee een woord.<br>Kies die korrkte woord.<br>Gee een woord.<br>Gee die afkorting.<br>Gee die meervoud.<br>Gee die regte vorm.<br>Gee die regte vorm.<br>Kies die regte woord.<br>Kies die regte woord.<br>Kies die regte woord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Almal dra wit **6.11 (hemp)**, maar die seun se kouse is **6.12 (lang)** as die meisie s'n. Sy het 'n slegte verkoue en soek **6.13 (help/hulp)** by die dokter. Die vrou se **6.14 (links + voet)** is in gips, daarom loop sy met 'n kierie. Die man **6.15 (wat/wie)** uitstap, kyk na sy seer vinger. | 6.11<br>6.12<br>6.13<br>6.14<br>6.15 | Gee die meervoud.<br>Gee die regte vorm.<br>Kies die regte woord.<br>Gee die samestelling. (een woord)<br>Kies die regte woord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>**[15]** |

**VRAAG 7: SINSTRUKTURE**

Lees die strokiespent en beantwoord die vrae.




Uit: *Huisgenoot* 2001

| Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkanste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.1 | Judy sê: "Hierdie stuk papier was op my lessenaar" (Judy sê dat ...) | 7.1 | Skryf die sin in die indirekte rede. | (2) |
| 7.2 | Judy vra: "Weet jy wat in my kamer gebeur her, Doug?" (Judy vra vir Doug of...) | 7.2 | Skryf die sin in die indirekte rede. | (2) |
| 7.3 | Het die wind al ooit gewaai? (Nee, ...) | 7.3 | Gee 'n ontkennende antwoord. | (2) |
| 7.4 | Judy sleep Doug aan sy arm. (Doug ...) | 7.4 | Skryf die sin in die lydende vorm. | (2) |
| 7.5 | Die wind het vanoggend gewaai. | 7.5 | Skryf die vraag waarvan die die onderstreepte gedeelte die antwoord is. | (2) |
| 7.6 | Doug vertel wat gebeur het. (nogtans) Judy is kwaad. | 7.6 | Verbind die sinne soos aangedui. | (2) |
| 7.7 | Judy is kwaad. (want) Haar kamer is deurmekaar. | 7.7 | Verbind die sinne soos aangedui. | (1) |
| 7.8 | Judy wil onmiddelik weet waar haar lessenaar stoel en boekke is. | 7.8 | Maak die sin se spel- en punktuasiefoute reg. | (3) **[16]** |

**VRAAG 8: SINSTRUKTURE**



| Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkanste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. | | | |
|---|---|---|---|
| 8.1 Die **(snork)** man hou almal wakker. | 8.1 | Korrekte vorm van **snork.** | (1) |
| 8.2 Sy **(raas)** maak die kat se | 8.2 | Korrekte vorm van **raas.** | (1) |
| 8.3 **(ore / oë)** seer. | 8.3 | **Kies** die **korrekte** woord. | (1) |
| 8.4 Die **(toestel wat jou wakker lui en die tyd aandui)** wys dat dit alreeds | 8.4 | Gee **een woord.** | (1) |
| 8.5 **(drieuur / drie-uur)** in die middel van | 8.5 | **Kies. Spelling.** | (1) |
| 8.6 die **(nag / aand)** is. | 8.6 | **Kies** die **korrekte woord.** | (1) |
| 8.7 Die uil vind die geluid **(angs + wek)** | 8.7 | Gee **een woord.** | (1) |
| 8.8 **(Self / Selfs)** die hond is baie vaak. | 8.8 | **Kies** die **korrekte woord.** | (1) |
| 8.9 Die man se vrou loer na hom en **(plan)** om iets aan die saak te doen. | 8.9 | Gee die **korrekte vorm** van die woord. | (1) |
| 8.10 Die man **(verlede nag)** so **(snork)** | 8.10 | Gee die **verlede tyd.** | (2) |
| 8.11 en volgende week **(hy)** nog so **(snork).** | 8.11 | Gee die **toekomende tyd.** | (1) |
| | | | **[12]** |

**VRAAG 9: KRITIESE TAALBEWUSTHEID**




Uit: *Tydskrif Rapport*

9.1 Bestudeer die prentjie. Kies die regte antwoord.
Sou jy sê die bruid is ...

A bly
B verbaas
C verlig
D kwaad

(1)


9.2 Wat dink jy sê sy? (2)

**[3]**

Blaai om asseblief

**VRAAG 10:**

10.1 SITUASIE: Patrick is in die nood. Hy het die laaste twee eiers in hul huis vir hom gebak. Hy weet sy ma moet koekbak en het twee eiers nodig. Hy hardloop gou na hul buurvrou om twee eiers te leen voor sy ma tuis kom.



[Uit: *Huisgenoot*, 17-08-96]

OPDRAG: Skryf in een of twee **kort** sinnetjies neer wat Patrick vir die buurvrou sê.

"Middag Tannie . . . (2)

**[2]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

1. Hierdie afdeling bestaan uit twee vrae.

   VRAAG 11: DIE HEN EN DIE NAALD - Minnie Postma

   VRAAG 12: STOKVEL OP 'N PLAAS - Justice L. Makete

2. Net **EEN** vraag moet beantwoord word.

**VRAAG 10: DIE HEN EN DIE NAALD – Minnie Postma**

11.1 Rangskik die volgende sinne volgens die gebeure in die storie. Skryf net die nommer en die letters van die sinne neer.

A Sy maak 'n pragtige karas en spog daarmee.

B Sy sien Valk se skaduwee op die grond gly sover sy beweeg.

C Sy roep haar kinders om die huis mooi skoon te maak.

D Hen wil Valk se naald leen en belowe om die naald of een van haar kuikens te gee as die naald weg is.

E Valk skiet af grond toe om 'n kuiken te gryp.

F Sy roep haar kinders om te kom help, want hul ogies is nog jonk. (6)

> Toe hy sien hulle kry dit nie, skiet hy neer na die grond toe om vir hom 'n kuiken te gryp, maar die oë van die moeder sien hom en sy kreun: Mmmmmm! asof sy 'n groot pyn het.

11.2 Noem 3 dinge wat by Hen en Valk dieselfde was? (3)

11.3 Verduidelik hoe Hen keer dat Valk nie 'n kuiken kan vang nie? (4)

> Toe Valk weg is, kom hulle behoedsaam uit en begin weer soek. Daar is onrus in die hart van hul moeder. Onrus en vrees. Sy het alles vergeet van die mooi karos. Sy dink net aan die naald, aan die valk, aan die kinders.

11.4 Haal **EEN** woord aan uit die uittreksel wat vir ons sê dat Hen <u>versigtig</u> was. (1)

11.5.1 Sal jy sê Hen was baie bang? (1)

11.5.2 Gee in jou eie woorde 'n rede vir jou antwoord. (2)

11.6 Waarom dink jy het die ander henne haar ook help soek? (2)

11.7 Kies die beste antwoord

Dit is 'n ...

A voëlverhaal

B volksverhaal

C hoenderverhaal

D moderne verhaal (1)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 12: STOKVEL OP 'N PLAAS – Justice L. Makete

| |
|---|
| Douvoordag dié Saterdag is dit skraal, kop-in-die-lug en bowenal hardwerkende MaDlamini se beurt. Sy is die kleinniggie van oorleë oupa Skhukhunun. |

12.1 Noem vyf dinge wat jy weet van MaDlamini? (5)

12.2 Waarom is die grasdakhuis en die groot lapa **dié** week oorgedoen. (2)

12.3 Wie moes almal help? Kies die regte antwoord.

A Almal behalwe die kinders
B Almal veral die kinders
C Almal op die buurplase
D Almal behalwe die mense op die buurplase (1)

12.4.1 Wat was die slagding? (1)

12.4.2 Hoe het dit gelyk? (1)

12.4.3 Waar het hulle die slagding gekry? (1)

12.4.4 Waaroor kla Baba Dlamini? (1)

12.5 Wat is die **okapi** wat Baba Dlamini in sy sak steek? (1)

| |
|---|
| Die versamelde geld word aan Baba Ndlovu oorhandig. Dit is 'n belangrike bron om die hele gesin vir die res van die maand aan die gang te hou. As dit uitgeput is, sit almal in 'n penarie. |

12.6 Wat se geld is vir Baba Ndlovu gegee? (1)

12.7 Verduidelik waarom moes die mense betaal by die stokvel. (3)

12.8 Wat beteken dit om in 'n penarie te sit? (1)

12.9 Waarvoor anders betaal die mense wat nie ledegeld betaal nie? (1)

12.10 Waarom wil niemand 'n stokvel mis nie? (2)

**TOTAAL AFDELING D: [20]**

**GROOTTOTAAL: 120**